Towerlantern Fotografie

# fotografienuus

maart 2024



**Pienk prag**
Lensopening: f2,8
Sluiterspoed: 3,2 s
Fokale lengte: 100 mm

Stap deur jou huis of tuin en neem enigiets af, lewend of dood – van so naby as wat jou kamera dit toelaat. Jy sal verstom staan oor wat jy net in jou huis en tuin kry, en jou vriende sal meer kere nie kan raai wat jy afgeneem het nie.

Om foto's te neem van klein items kan groot pret wees. Sommige fotograwe spesialiseer in lewende klein goedjies (soos byvoorbeeld gesien op die Facebookblad *Southern African Butterflies, Bugs, Bees and other small things*). Ander – soos jy – kan lewende of nie-lewende klein goedjies as spesialiteitsveld beoefen. Ons help met dié genre in hierdie uitgawe van Fotografienuus.

Geniet hierdie uitgawe. Soos altyd hoop ons dat daar vir elke leser iets interessants is. Stof jou kamera af, probeer mikroskoopfotografie of gaan saam op reis na 'n land waar jy nog nooit was nie. Laat Fotografienuus jou reisgids wees deur fotografieland.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk
**Bladuitleg:** Fransa van Colourcode Designs

*Wil jy graag 'n bydrae lewer tot Towerlantern se nuusbrief?*
*Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.*
*Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*

# voorbladfoto

Nabyfotografie – anders gesê, fotografie waar jy so na as moontlik aan jou onderwerp kom – kan baie plesierig wees. Dit kan binnenshuis of buitenshuis beœfen word. Niemand kan dus sê die weer was te sleg of die lig was te swak of die son was te skerp en dus kon ek nie foto's neem nie!

As jy eers jou oë begin instel op fotomoontlikhede binne of buite jou huis, sal jy gou agterkom dat jy vanuit 'n ander hœk na jou huis en naby-omgewing begin kyk. Die "gewone" gaan skielik verhoogde status kry. Die "item" waarvan die voorbladfoto geneem is, is presies so 'n voorbeeld: 'n gemiddelde tuin-item totdat dit skielik fotowaarde gekry het.

Nabyfotografie het sy eie uitdagings, veral wat beligting en fokussering betref. Ons kom verderaan daarby. Die instelwaardes vir die voorbladfoto is logies – soos altyd word die kamera se "liniaal" gebruik om die korrekte beligting te kry (in hierdie geval met behulp van die sluiterspœd-stelling). Die foto is geneem met 'n makrolens van 100 mm (dus vas) en grootste lensopening van f2,8. Soos gebruiklik gee ons verderaan ook riglyne vir kamera-instellings.

# WAT IS *nabyfotografie?*

Die terme "nabyfotografie" (Engels: *close up*) en "makrofotografie" (Engels: *macro photography*) word dikwels as sinonieme gebruik. Vroeër jare is daar net van *close up* gepraat. Later het die terme nabyfotografie en makrofotografie meer in mekaar begin vlœi.

Die term "makrofotografie" is wel meer beperkend as die term "nabyfotografie". Met makrofotografie word tegnies bedœl dat die fotobeeld groter as die werklikheid is. By nabyfotografie is die fotobeeld tipies kleiner as die werklikheid.

Hierdie beskrywing maak deesdæ egter ook nie meer heeltemal sin nie, aangesien enige foto na hartelus per rekenaar vergroot kan word.

Sonder om te diep op dié saak in te gaan, sal ons verderaan hoofsaaklik aandag gee aan nabyfotografie; dit wil sê, gevalle waar die kamera relatief naby aan die onderwerp is, maar waar die fotobeeld nie noodwendig groter as die werklikheid is nie.

Mœt wel nie ons verdere bespreking oor die verskil tussen makrofotografie en mikrofotografie mislees nie.

# Nabyfotografie

tema & wenke

Moontlik is jou siening dat nabyfotografie net met 'n naby- of makrolens beoefen kan word, soos die voorbladfoto. Dit sou jou dan laat dink dat jy nie nabyfotografie kan beoefen nie omdat jy nie so 'n lens besit nie.

Daar is egter goeie nuus vir jou: Met die nodige sorg kan jy nabyfoto's neem met wat jy ookal het. Neem byvoorbeeld aan jy het 'n 18-55 mm standaardlens en miskien ook nog 'n 70-300 mm zoemlens. Hier is twee paaie wat jy kan loop:

- Zoom in om die naby item groter te laat vertoon in die kamera se LCD-skerm en neem dan foto's.
- Neem foto's; maak dan gebruik van digitale vergroting en sny gedeeltes weg.

Sorg dat jy die volgende vereistes presies nakom:

- ✓ Monteer die kamera beslis op 'n driepoot.
- ✓ Stel die ISO op die laagste waarde.
- ✓ Kontroleer dat die kamera se fotokwaliteit (Engels: *picture quality*) op die hoogste waarde, L, gestel is.
- ✓ Verseker dat die kamera se 2-sekondevertraag-instelling geaktiveer is.
- ✓ Maak seker dat die trefpunt skerp in fokus is (gebruik die LCD-skerm en vergroting vir fokussering).

*'n ander wêreld...*

Joseph Meehan, skrywer van die boek *The magic of digital close-up photography*, sê in die inleiding tot hierdie werk die volgende: "There is a special place I try to visit whenever I can with my camera. It is a place of unique perspectives, fascinating details, beautiful imagery and, most of all, discovery."

Wonder jy waar dié plek is? Dit is baie naby aan jou – daardie plek is die wêreld van nabyfotografie. Wees altyd op die uitkyk vir hierdie wêreld en besoek dit gereeld.

Hierdie nabyfotografie-wêreld kan dikwels baie ontwykend wees. Dit kan wees dat jy op jou hande en voete daarheen moet kruip of dat jy 'n vergrootglas moet gebruik om jou pad te vind of dat jy jou kamera se LCD-skerm moet gebruik om dit op te soek.

# RIGLYNE VIR NABYFOTOGRAFIE

**VOORAF** Omdat nabyfotografie so wyd vertak is, beskou ons in hierdie uiteensetting slegs 'n enkele geval, naamlik 'n klein tuinitem soortgelyk aan die voorbladfoto. Aanvaar hiervoor jy het 'n onderwerp met gœie beligting en wat só is dat jy naby daaraan kan kom.

### TIPE LENS

Gebruik verkieslik 'n lens wat geskik is vir nabyfotografie. Sien ook ons voorafgaande *Tema en wenke*.

### FORMAAT

Landskap- of portretformaat sal albei gœd werk.

### ISO

Gebruik die laagste ISO-waarde, byvoorbeeld 100.

### WITBALANS

Maak seker van die beligting en eksperimenteer vir spesiale effekte.

### FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING

Besluit op die beste trefpunt in die toneel en fokus daarop. Lees ook *Waar om te fokus* verder aan.

### LENSOPENING

Die lensopening mœt groot wees, byvoorbeeld f4, om 'n klein velddiepte te gee.

### SLUITERSPOED

Verstel die sluiterspœd totdat die toneel gœd belig is.

### FYN FOKUSSERING

Kontroleer tussendeur gereeld die fotoskerpte by die trefpunt.

**LAASTE WENKE:** Mœnie vergeet dat jy met nabyfotografie besig is nie. (a) Pas op dat jy nie te naby aan die onderwerp is en dus nie skerp kan fokusseer nie. (b) Sorg vir absolute skerp fokussering waar dit skerp mœt wees.

Towerlantern Fotografie
- maart 2024 -

# WAAR

## OM TE FOKUS


Die vraag bly altyd by enige foto waar die fokuspunt mœt wees. Soms is dit maklik – as dit 'n mens of dier is, is dit tipies die oë. Maar as dit 'n ruspe is waarvan die voor- en agterkant dieselfde lyk, word dit mœiliker.

Hœ ook al, as dit nodig is neem 'n verskeidenheid variasies van fokuspunte en kies die beste.

Dit is in elk geval 'n gœie idee om fokuspunt-instellings te œfen. Die voorbeeldfoto's hierby wys die idee. Volg die volgende paadjie:

- Maak 'n eenvoudige opstelling van 'n naby-toneel.
- Verseker dat die twee items nie op dieselfde afstand van die kamera is nie.
- Oefen om die beurt deur dan op die een, dan op die ander fokuspunt te fokus.

Ten slotte, as dit 'n skerp item is, soos 'n naald, mœt dit natuurlik ook skerp op die foto wees. As dit minder skerp is, soos 'n bord met rœreier daarop is dit mœiliker. Gebruik dan 'n dun rooi garingdraad, plaas dit oor die eier en fokus op die garing.



*Verskillende fokuspunte*

# SPRINGspinnekoppe

Fransa & Eddie Vorster

Springspinnekoppe (Engels: *Jumping Spiders* / Salticidæ) is die grootste spinnekopfamilie wêreldwyd, met meer as 6 200 spesies. In Suid-Afrika het ons 76 genera en 356 spesies.

In Suid-Afrika wissel hulle grootte van 1,5 mm tot 17 mm. Hulle is glad nie gevaarlik nie (miskien wel vir klein goggatjies!). As jy mooi kyk, sal jy hulle kan uitken aan hul groot voorste oë.

Kyk 'n bietjie in jou huis rond, en jy sal dalk sommer klaar 'n paar verskillende spesies sien. By ons huis is hulle graag op 'n vensterbank of agter 'n gordyn. Alhoewel hulle klein is, kan mens sommer met die blote oog sien dat hulle verskil van mekaar (strepies, kolletjies, ensovoorts). Die foto's hierby is almal geneem van springspinnekoppies in en om ons huis.

Omdat hulle nuuskierig van natuur is, sal hulle lank genoeg stilsit dat mens 'n foto van hulle kan neem. En dan kan jy vir jouself 'n katalogus saamstel van almal wat jy al gesien het. Ons het hierdie webblad op internet raakgeloop, waar Vida van der Walt almal wat sy al gesien het dokumenteer: https://jumpingspiders.co.za/ Gaan kyk beslis!



## WENKE OM TE ONTHOU:

- ✓ Jy het geduld nodig!
- ✓ Neem baie foto's, want jy gaan eers later kans hê om te kyk of dit mooi in fokus is.
- ✓ Jy moet bereid wees om aan die springspinnekoppie te vat.
- ✓ Gebruik verkieslik jou selfoon se makro-instelling. 'n Selfoon is makliker om vinnig reg te kry. (As jy geduldig genoeg is, kan jy wel jou kamera se makrolens gebruik.)
- ✓ Makrofoto's het meer lig nodig (omdat jy so naby aan die voorwerp is), probeer dus om die foto's in helder lig te neem.

# Makrofotografie teenoor mikrofotografie

Hœkom praat ons van makrofotografie en nie mikrofotografie nie? "Makro" is tog groot en "mikro" klein.

Hierdie saak het 'n baie interessante geskiedenis. Die heel eerste persoon wat die idee van mikrografie beskryf het, was Thomas Wedgwood (1771-1805). Sy beskrywing het daaroor gegaan om metodes te ontwikkel om skilderye te kopieer. In die 1830s was William Henry Fox Talbot een van die eerste persone wat fotomikrografie begin tœpas het deur klein kameras aan mikroskope te verbind om beelde te verkry tot by 'n vergroting van 20 keer. Lees hieroor en nog baie meer van hierdie verhaal by
https://moneymakerphotography.com/history-macro-photography/

Mikrofotografie – of dan mikroskoopfotografie of mikroskopie – verwys dus na fotografering van items wat baie klein is, en makrofotografie verwys na fotografering van items wat groter, maar wat nog steeds klein, is.

Die terme makrofotografie en nabyfotografie is nie presies dieselfde nie. In hierdie bespreking verstaan ons makrofotografie egter as foto's wat per makrolens geneem is. Die foto hierby toon die eerste werklike makrolens, genœm die Kilfitt-Makro-Kilar-4CM-lens, wat dateer uit die middel 1950s.




Bron:
https://en.wikipedia.org/wiki/Thomas_Wedgwood_(photographer)


# SELFOON-MIKROSKOPIE

Het jy geweet dat jy met jou selfoon mikroskoopfoto's kan afneem? Sekerlik nie alle selfone nie, maar kyk of jy dit met jou selfoon kan dœn.

Volg die volgende stappe nadat jy jou selfoon aangeskakel het en na die kamera tœ gegaan het:

- ✓ Gaan na VIDEO PHOTO PORTRAIT MORE (of soortgelyk)
- ✓ Kies MORE, en kies dan MICROSCOPE (as dit daar is)

So eenvoudig! Dit is ongelukkig wel nie so eenvoudig om gœie, skerp foto's te neem nie. Die kameralens mœt bitter naby aan die onderwerp wees (selfs net 2 tot 3 millimeter) en die selfoon mœt doodstil wees vir gœie fokussering. Probeer om op een of ander manier stewigheid te kry, want jy het ook nog 'n vinger nodig om die foto te neem. Stuur jou beste foto's vir ons.



*Borduurlint*




Antarctica, Britannica

Towerlantern Fotografie
- maart 2024 -

# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*

## Na ons buurvasteland

Ons wil jou hierdie maand vergesel na 'n land waar jy nog nooit gewees het nie. Trouens, ons kan met byna sekerheid sê dat hoogstens een of twee van ons lesers hierdie land miskien al besoek het. En, verbasend genoeg, hierdie land is ons buurvasteland!

Hierdie land is Antarktika, of die wit woestyn. Bestudeer eers die kaart hierby. Om jou op die kaart te oriënteer, Suid-Amerika steek middel links uit, Suid-Afrika bo regs en Australië en Nieu-Zeeland onder regs.

Ons gee verderaan inligting en noem ook wonderlike fotovooruitsigte.

Gaan virtueel op reis saam met die reisbeskrywings hierby:
National Geographic:
https://t.ly/Bcaq9
Antarctica in December:
https://t.ly/lu2AF



# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*

## Na ons buurvasteland

Daar is geen permanente dorpe, stede of landstreke in Antarktika nie, wel navorsingstasies van verskillende lande, waaronder SANAE van Suid-Afrika. Hierdie stasie word sedert 1962 beman deur Suid-Afrikaanse wetenskaplikes. Lees meer hieroor by die bronverwysing aan die einde van hierdie uitgawe.

Die genoemde buurvastelande van Antarktika, naamlik Suid-Amerika, Australië en Suid-Afrika, in toenemende orde van afstande is belangrik in die sin dat dit die beginpunte is as jy sou dink aan 'n besoek aan Antarktika.


Antarktika, by die suidpool van die aarde, is 'n land; terwyl daar by die noordpool van die aarde geen land is nie, slegs bevrore see.

Gedurende die begin-dekades van die 1900s was daar 'n kompetisie tussen lande om eerste die suidpool te bereik. Op 14 Desember 1911 bereik die Noorweegse poolverkenner Roald Amundsen die pool. Hierdie tog verskaf besondere leesstof.

Antarktika se seelewe sluit in pikkewyne, blouwalvisse en pelsrobbe. Pikkewyne sluit weer in: keiserpikkewyne, adéliepikkewyne, suidelike geelkuifpikkewyne en koning-pikkewyne.

Die dierelewe, ysberge en ysvlaktes maak dit die moeite werd om geld te spaar vir 'n reis na Antarktika. Die beste tyd van die jaar is Desember omdat dit dan hoog-somer is.

'n Toer na Antarktika toe gee ook wonderlike fotogeleenthede. Sorg dus dat jy al jou kamera-toerusting inpak – onthou, daar is nie winkels nie!




# *Ons stel bekend...*

Elna Geringer, Port Edward, skryf:

Op Facebook is daar 'n fotografiegroep wat *Global HD Photographic Forum* genoem word. Weekliks word daar deur professionele fotograwe wenners vir die week aangewys.

Ek was gelukkig om die afgelope week 'n sertifikaat te kry vir een van my foto's, die *Malvaknop*, wat ek met my iPhone geneem het.

Die dag wat ek die foto geneem het was die lig en agtergrond net reg om 'n mooi foto te kry. In Photoshop het ek baie effens basiese verwerkings gedoen, slegs wat kleur en kontras betref.



# IKOON-FOTO'S

Foto's wat ikoonfoto's word, is waarskynlik nie so beplan nie. Wat tog wel van belang is, is dat jy jou oë mœt oophou vir gebeurlikhede. En as iets "gebeur" mœt jy reg wees met alle instellings. Dan mœt jy die foto op die regte oomblik, die beslissende oomblik, neem.

Hierdie term, Engels *decisive moment*, is 'n bekende uitdrukking in fotografie-kringe en is geskep deur Henri Cartier-Bresson (1908-2004), die fotograaf van die monochrome foto hierby. Lees meer oor hom en hierdie besondere foto by die Wikipedia-skakel hierby.

*Behind the Gare Saint-Lazare* is a black and white photograph taken by French photographer Henri Cartier-Bresson in Paris in 1932. The photograph has been printed at variable dimensions; the print donated by Cartier-Bresson to the Museum of Modern Art is listed at 35.2 × 24.1 cm. It is one of his best known and more critically acclaimed photographs and became iconic of his style that attempted to capture the decisive moment in photography. The photograph was considered one of the 100 most influential pictures of all time by Time magazine.

https://en.wikipedia.org/wiki/Behind_the_Gare_Saint-Lazare




*Agter die stasie Saint-Lazare*

NUUS
*vanaf Towerlantern*

# Towerlantern fotografiekursusse

Towerlantern Fotografie bied 'n verskeidenheid kursusse, plaaslik en aanlyn aan. Ons gee 'n opsomming daarvan:

**BEGINNERSKURSUS** waarvoor jy niks vooraf hoef te weet nie en die basiese beginsels van fotografie leer.

**GEVORDERDE KURSUS** waarvoor jy 'n basiese kennis van jou kamera-funksies moet hê en dit in nog meer diepte wil beoefen.

**SPESIALISKURSUS** waarvoor jy jou kamera goed moet ken en baie praktiese oefening in kamerawerk gaan kry.

Die eerste hiervan word twee maal per jaar aangebied. Die tweede en derde slegs een keer per jaar en dié loop oor 8-10 maande.

Al bogenoemde kursusse is ook aanlyn beskikbaar. Die beginnerskursus kan dus enige tyd begin.

Daar is ook 'n selfoonkamerakursus beskikbaar. Dit is ook aanlyn beskikbaar. Dit kan ook saam met enige van die bogenoemde kursusse gekombineer word.

Vir al hierdie kursusse: Doen navraag by johan@towerlantern.co.za .



# OP INTERNET GESIEN

Stap 'n bietjie deur jou tuin en kyk of jy nie dalk iets interessants raaksien nie.

Het jy geweet dat krapspinnekoppe (soos op die foto) hul kleur kan aanpas sodat hulle met kamœflering by hul omgewing kan inpas. Kyk bietjie in jou tuin of jy nie dalk 'n witte, gele of pienke kry nie.

Die foto hierby is geneem deur Julio Carrancho. Dit is gesien op die Facebook-blad *Southern African Butterflies, Bugs, Bees and other small things.*





# OP INTERNET GESIEN

Ons het al verskillende kere gesels oor “less is more”, met ander woorde, mœnie jou foto’s oorlaai nie. In hierdie foto van Sergey Khalemsky kan mens dit gœd sien. Min kleure, eenvoudige (maar sterk) lyne en ’n besondere komposisie het soveel trefkrag dat dit ’n uitstekende foto tot gevolg het.

# FOTO-*idees*

Idee 1: Maak gebruik van binnenshuise aandbeligting om treffende nabyfoto's te neem.



# FOTO-*idees*

Idee 2: Gebruik enige vlœistof, byvoorbeeld stroop soos in die foto, om kunswerke te skep.





# FOTO-*idees*

Idee 3: Kry skerp items in jou huis, en neem skerp nabyfoto's daarvan.


*Towerlantern Fotografie*

- maart 2024 -



# FOTO-*idees*

Idee 4: Kies krake as jou fototema en neem nabyfoto's daarvan om tekstuur te wys.



# FOTO-*idees*

Idee 5: Fotografeer weerkaatsings, speel rond en maak kleur die onderwerp van jou fotosessie.

# Mini-galery

Ons gee maandeliks aan ons lesers geleentheid om van hul beste foto's vir publikasie te stuur en om só iets van hul fotografie-belewenis met almal te deel.

Jy word dus hiermee uitgenooi. Ons stel die volgende as algemene riglyne:

- Stuur 10 van jou beste foto's in met grootte ongeveer ½ MB. Daaruit sal 'n keuse van tot 6 foto's vir publikasie gemaak word.
- Kies die foto's só dat dit ongeveer dieselfde tema het. Die tema kan wyd wees – daar is geen beperking op die fotomateriaal nie.
- Indien nodig, verkry skriftelik tœstemming vir die plasing van mensfoto's in Fotografienuus.
- Stuur 'n beskrywing van ongeveer 200-250 woorde oor enige aspek rakende die foto's of jou persoonlike belewing daarvan.

## GALERY VAN
## CHRISTO NEL, SUTHERLAND, NOORD-KAAP

# Mini-galery

# GALERY VAN CHRISTO NEL, SUTHERLAND, NOORD-KAAP

Maak 'n draai saam met my, Christo, deur die Karoo Hoogland en Sutherland, waar ek reeds 'n paar jaar woonagtig is.

Ry jy met die N1 deur Laingsburg in die Karoo Kaapstad se kant toe, kry jy die spoorwegstasie Matjiesfontein. In daardie omgewing is die afdraaipad noordwaarts verby Kruispad en deur Verlatekloof na Sutherland. Dié reis is so ongeveer honderd kilometer die binneland in.

In die lente omskep blomme die bossieveld in 'n pragtige pers landskap (foto A). Daar is groot windplase in die omgewing wat in die skemer hul silhoeëtte op die bergrante mooi vertoon (foto B).

Sutherland lê in die Roggeveld waar daar ernstig met skape geboer word. 'n Interessantheid is dat baie boere 'n bo-plaas en 'n onder-plaas het. Die bo-plaas kan tipies in die winter bitter koud word en kan ook sneeu kry (foto C). Skaaphonde word aangehou om te help met die boerdery (foto D).

Die dorpie Sutherland is nie baie groot nie en daar is maar min restourante. Een van bekendstes is die Boorgat, wat kaalvoetvriendelik is! Die eienaar koop gereeld op veilings karre en allerlei dinge wat hy vertoon en uitstal in sy geboue. Dit maak dat Boorgat 'n unieke fotoparadys is (foto's E en F).

Dit is dan Sutherland en sy omgewing deur my kamera (Canon 2000D) gesien. Dankie vir die saamkuier in my besondere kontrei.



Pers landskap
(Foto A)

*Christo Nel*



Silhœëtte
(Foto B)

*Christo Nel*



Bo-plaas sneeudag
(Foto C)

*Christo Nel*



Wagter, wagtend
(Foto D)

*Christo Nel*




Bashews vol bottels
(Foto E)

*Christo Nel*




In Boorgat se uitstalsaal: sale
(Foto F)

*Christo Nel*

# VERWYSINGS EN BRONNE

Antarktika

- Kaart van Antarktika: https://www.nationsonline.org/oneworld/map/antarctica_map.htm
- Antarktika (algemeen): https://af.wikipedia.org/wiki/Antarktika
- SANAE: https://en.wikipedia.org/wiki/SANAE
- Roald Amundsen: https://simple.wikipedia.org/wiki/Roald_Amundsen

## ons hoor graag van ons lesers

Dankie vir weereens 'n topgehalte aanbieding, geskryf dat selfs ek, die leek, dit merendeels kan verstaan en geniet. Die foto's is besonders. Mens verwonder jou aan God se skepping en ook die gawe om so deeltjie na deeltjie daarvan vas te vang sodat ander ook daarin kan deel.

**RAYMOND POTGIETER, POTCHEFSTROOM**

Baie dankie vir die nuutste aflewering van Towerlantern se Fotografienuus. Ek is elke keer baie opgewonde om die foto's van ander fotograwe te sien. Ek hoop elke keer ek het 'n mooier foto om te wys, maar wraggies, ons het top klas fotograwe op die blad. Dankie aan elke fotograaf wat hul kunswerk met ons deel.

**SAMPIE STOFFBERG, BOKSBURG**